

Laat mense staan vir gebed vir boere in die land – veral die Noordkaap en ander dele waar dit uiters droog is. Bid vir reen.

Lofsang: Lied 190:1,2

Skuld: Lied 510:2,3

Voor preek: Psalm 9:10

Skrifgedeelte: Hebreers 12:1-4

Tema: Hoe moet ons as Christene volhard?

Inleiding

Wat is volharding?

Om te volhard daarin om die sonde al hoe meer af te sterf en om ten spyte van enige omstandighede vas te bly hou aan die Here.

Om te volhard in die Christelike geloof is 'n paar dinge nodig:

- **Elke las moet afgelê word**

Julle al gesien as ouens swem of fietsry of hardloop – hulle kleredrag pas by die sport – hoekom – want dit gaan oor jy wil so lig as moontlik – so so beweeglik as moontlik – so min windweerstand as moontlik – so vaartbelyn as moontlik wees.

Pasop vir dinge wat jou kan wegtrek van die werk van die Here af. Dinge wat nie noodwendig sonde is nie, maar wat jou fokus net genoeg skuif – dat jy sukkel om te volhard. Jy kan so besig wees met dingetjies dat jy nie eintlik meer enigiets bydra tot die Koninkryk nie.

Dat jy sukkel om te breek met die sonde. Pasop vir onnodige strikvrage of bespiegelings oor dit wat die Here doen.

- **Sonde moet daadwerklik aangespreek word**

Dan is daar goed wat net sonde is – wat jy daadwerklik moet aanspreek in jou lewe. Ten spyte van versoekings – ten spyte van beproewings moet ons bly volhard tot die einde toe.

Dis op hierdie punt waar heiligmaking en volharding hande vat. Heiligmaking is om die sonde al hoe meer af te sterf en volharding is om daarmee vol te hou en ook om ten spyte van omstandighede aan die Here bly vas te klou. Ons stryd teen die sonde gaan voort duur.

- **Onthou van die skare van getuies rondom wat ons aanmoedig om vol te hou**

Op die paviljoen sit egter die skare van getuies wat hierdie pad gestap het. Skare van getuies wat volhard het tot die einde.

- As ons na die Bybel kyk dan sien ons figure wat ten spyte van volhard het.
- As ons na die Skrif kyk dan sien ons ook figure wat opgehou en die stryd prys gegee het.

Daarmee saam is hierdie skare van getuies ook besig om ons na Jesus toe te wys!

- **Hou die oë gevestig op Jesus wat die voleinder is van ons geloof**

Hoe volhard 'n mens: wel uit jou eie krag kan jy nie, maar in die krag van die Here kan jy. Twee dinge om te onthou:

- ook ons volharding is 'n werk van die Heilige Gees. Die Here sal die wat Hy na Hom toe gebring het deur die wedergeboorte en die bekering ook laat volhard tot die einde toe.
- En tog word ons opgerig om daadwerklik te bly volhard. Dis ook 'n funksie van Christen-wees en 'n opdrag aan elke Christen.

Die Gees stel ons in staat om te volhard en ons bly volhard!

Verder as ons begin moedeloos word of begin uitsak het die Hebreër skrywer vir ons advies:

Hou die oog gevestig op Jesus, wat Self volhard het en Self vir ons die lyding verduur het – nie net as Voorbeeld nie – maar as Verlosser!

Amen.

Mariska, Philna, Quintin en Marko julle kan navore kom.

FORMULIER VIR DIE AFLEGGING VAN BELYDENIS VAN GELOOF

Aan die gemeente

Geliefdes in die Here,

God het in Jesus Christus, ons Here, die verbond van genade met ons en ons kinders opgerig. As kinders en erfgename het ons deel aan die volle rykdom van die weldade van hierdie verbond maar word ons ook tot gehoorsaamheid aan en aanvaarding van die verbond geroep.

Daarom moet verbondskinders wanneer hulle tot die nodige insig gekom het, hulle geloof openlik in die midde van die gemeente bely asook hulle voorneme om deur die krag van die Heilige Gees die verbondsgemeenskap met God te onderhou.

Gelei deur die Gees van God en sy Woord het Gerhard die kerkraad gevra om haar/sy geloof hier openlik te bely. Nadat sy/hy behoorlik onderrig en ondervra is, is die kerkraad daarvan oortuig dat sy/hy toegerus is om tot sodanige persoonlike belydenis te kom. Derhalwe word aan haar nou afsonderlik die geleentheid daartoe gebied.

Aan die voornemende belyers

Gerhard, jy kom nou hier voor die aangesig van God en in die midde van sy gemeente om jou geloof te bely. Daarom versoek ek jou om in alle opregtheid op die volgende vrae te antwoord:

1. Glo jy in die enige ware God: Vader, Seun en Heilige Gees, in wie se Naam jy gedoop is?
2. Glo en bely jy dat al is jy in sonde ontvang en gebore en nogsteeds tot alle boosheid geneig,
 - a. jy tog in Christus geheilig is,
 - b. deur die Vader tot sy kind aangeneem is
 - c. en deur die Heilige Gees tot 'n nuwe gehoorsaamheid opgewek is?
3. Glo en bely jy dat die Ou en Nuwe Testament die Woord van God en die volkome leer van die saligheid is, soos dit ook in die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke uitgedruk word en in die kerk hier geleer word?
4. Is dit jou voorneme om deur die genade van God in hierdie leer tot die einde van jou lewe
 - a. standvastig te volhard,
 - b. die verbondsgemeenskap met God te onderhou,
 - c. Hom van harte lief te hê
 - d. en in gehoorsaamheid aan sy Woord te dien,
 - e. van die wêreld en sy begeerlikheid af te sien,
 - f. jou lewe en saligheid buite jouself in Christus te soek en so hierdie belydenis van jou met 'n godvresende lewe te bevestig?
5. Beloof jy, terwyl die volle gemeenskap met die kerk van Christus nou vir jy ontsluit word, om as 'n lewende lid van die kerk
 - a. die bediening van Woord en sakramente ywerig te soek,
 - b. jou gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede en tot uitbouing van die koninkryk van God aan te wend
 - c. en dat jy jy aan die Christelike vermaning en tug sal onderwerp as jy in leer of lewe jou misgaan?

Gerhard, wat is hierop jou hoorbare antwoord?

Antwoord: Ja.

Quintin hierop jou antwoord

Marko

Philna

Mariska

Ouers navore kom en bystaan.

Beweeg van kansel na die grond toe.

Waar jy hier openlik jy geloof bely en God se verbondsbeloftes wat in jy doop verseel is, aanvaar het, wek ons jy op om hierin te volhard. In die Naam van ons Here Jesus Christus heet ons jou hartlik welkom in die volle gemeenskap met die volk van God. Mag die God van alle genade, wat ons tot sy ewige heerlikheid in Christus Jesus geroep het, nadat ons 'n kort tyd gely het, jou volmaak, bevestig, versterk en grondves. Aan Hom die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid. Amen.

Ek vra dat [2 ouderlinge] na vore sal kom vir die gelukwensing asb.

Gelukwensing

Ek vra nou dat ons as Gemeente sal staan en dan bely ons vanoggend ons geloof saam met Gerhard deur die Apostoliese Geloofsbelydenis.

Na geloofbely: Lied 190:3

Kollekte

Slotsang: Psalm 91:1,7

Seen.